



Die Kerk maak beswaar teen wysigings aan die Gelykheidswet

Die wetsontwerp met beoogde wysigings aan die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie (die Gelykheidswet – ook wyd bekend as PEPUDA, die akroniem van die Engelse titel) het 'n knuppel in die hoenderhok laat beland.

Kerke, ander godsdienstinstansies, burgerlike organisasies en sakeleiers het min of meer verenig in hul verwerping van die voorstelle. En soos verskeie kere in die onlangse verlede, moes die Kerk weer *smoel krygen*, soos die Nederlanders graag sê, en amptelik beswaar aanteken teen die wetsontwerp.

Dit is nie asof ongelykheid en onbillike diskriminasie meteens meer onaanvaarbaar is as voorheen nie – sommige mense was immers nog nooit meer gelyk as ander nie (met apologie aan George Orwell). Lidmate van die Kerk het hopelik in elk geval geen behoefte om onbillik teen enigiemand te diskrimineer nie. Die NHKA het egter beswaar gemaak teen die wetsontwerp aangesien (onder andere) die hekkies wat oorkom moet word om te bewys dat daar onbillik teen iemand gediskrimineer is, so laag gestel is dat geen normale sosiale interaksie of gemeenskaps- of kerklewe moontlik sal wees nie.

Die klem in die wetsontwerp val vierkantig op hulp aan, en beskerming van, die klaer, ten koste van die potensiële (of gewaande) oortreder. Dit word gesien in die vae en subjektiewe begrip van wat benadeling behels, die byvoeging van nie-opsetlik in die definisie van diskriminasie, die afwating van die grondwetlike en logiese onderskeid tussen “billike” en “onbillike” diskriminasie, die uitbreiding van verbode gronde om redes in te sluit wat “verwant aan” een van die gelyste gronde in die Wet is, en ook die moontlikheid om aanspreeklik gehou te word vir die onbedoelde optrede van 'n ander. Die wetsontwerp dek daarmee die tafel vir 'n stortvloed van onbenullige klagtes wat by die Menseregtekommissie en ander forums gelê sal kan word – ondanks die regsbeginsel *de minimis non curat lex* (die reg bemoei hom nie met beuselagtighede nie).

Dit sal nie net verdere druk op die regstelsel plaas nie, maar ook spanning aanblaas binne gemeenskappe en groepe, en tussen individue onderling. Selfs die meestal goedge geskerts tussen lidmate van verskillende kerkverbande oor kerkeie gebruike sal tot 'n klag kan lei indien iemand aanvoer dat dit hul gevoelens seergemaak het, ongeag hoe dun die klaer se vel moontlik mag wees. Gevaarligte wat flikker wat betref die vrye verkondiging van die evangelie moet daarom nie geïgnoreer word nie.

Die magte wat in die wetsontwerp aan die owerhede toegeken word om op 'n ongrondwetlike wyse in te meng in die sake van kerke, hou ewe-eens 'n bedreiging in vir die outonomieit en profetiese roeping van die kerk. Die reg op godsdienstvryheid (gerugsteun deur verwante regte) is 'n fundamentele reg wat die owerheid verplig om die Kerk se selfverstaan soos toegelig in sy Bybels-profetiese selfdefiniëring te respekteer. Kerke het uiteraard die wederkerige plig om te funksioneer onderhewig aan die eise van menswaardigheid, die openbare beleid en die reg, terwyl hulle terselfdertyd die reg het om te protesteer indien hulle gebuk gaan onder beperkings betreffende kernbeginsels en -praktyke.

Enige optrede wat 'n ander se waardigheid krenk, sal natuurlik altyd onaanvaarbaar wees, soveel te meer binne die kerk. Vooroordeel is immers niks anders nie as die doelbewuste, hardnekkige vaskleef aan totale onkunde. Elke gelowige behoort volgens die eise van die Woord met respek met alle mense om te gaan. Waar dit nie gebeur nie, is 'n drastiese gesindheidsverandering nodig, en dit word bereik deur volgehoue toerusting, toewyding aan die evangelie en 'n Geesvervulde lewe – nie deur ekstra (drakoniese) wetgewing nie.

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Lief en leed



Mev Tersia du Toit

- **Mev Tersia du Toit** (49), vrou van dr Deon du Toit (beroepafwagting), is Donderdag 1 Julie in die intensiewesorgeenheid van 'n hospitaal in Tongaat (KZN) oorlede weens Covid-19. Die roudiens het Dinsdag 6 Julie aanlyn vanuit Gemeente Swartkop plaasgevind en is gelei deur dr Hein Delpont. Ons innige simpatie gaan aan dr Deon en hul kinders, Bianca en Ruben. Baie sterkte aan Ruben wat intussen ook Covid-19 opgedoen het.
- Ons het in *Blitspos* van 24 Junie berig oor ds MJ (Schalk) van Schalkwyk, vader van ds JBMH (Barry) van Schalkwyk van Drie Riviere-Oos, wat op 20 Junie in die ouderdom van 91 oorlede is. Ds Schalk se vrou, **mev Lettie van Schalkwyk**, is twee weke later ook weens Covid-19 oorlede. Ons innige meegevoel gaan aan ds Barry en hul familie.
- **Mnr Chris Loedolff** (70) van Gemeente Eikenhof, vader van ds CAA (Tiaan) Loedolff (Vaalwater), is Sondag 4 Julie in Mulbarton-hospitaal oorlede weens Covid-19. Ds Tiaan is positief getoets, maar voel beter na sy isolasie. Sy moeder se toets was negatief. Ons innige simpatie gaan aan die familie met hul groot verlies.
- Intussen verneem ons steeds van predikante en lidmate wat met Covid-19 gediagnoseer is en besig is om te herstel: **Ds CB (Nardus) Enslin** (Rustenburg-Kloof); emeritus **ds DZ (David) en Beulah du Plessis**; **ds J (Juanita) en Louis du Preez** (Pierneef); en **mev Mariëtte du Plessis** (Rooihuiskraal, en dogter van mev Tessa Oppermann van die Sinodale Dienssentrum). **Ds HA (Hennie) Retief** (emeritus) word tans in die hospitaal behandel.
- Emerituspredikant **ds J (Japie) en Yvonne Coetzee** is die afgelope naweek uit die hospitaal ontslaan na hul stryd met Covid-19, en het pas teruggekeer na hul tuiste in Onrusrivier.
- **Die volgende predikante verjaar tot 16 Julie 2021, en word hartlik geluk gewens:**
 - Donderdag 8 Julie: Ds GJ (Geo) Smit (60) (Potchefstroom-Suid)
 - Saterdag 10 Julie: Dr DJC (Daan) van Wyk jr (55) (Ebenhaëzer)
 - Sondag 11 Julie: Ds TL (Theuns) Botha (64) (siekte-emeritaat)
 - Maandag 12 Julie: Prof JA (Jimmie) Loader (76) (emeritus/buiteland) en ds A (Anna-Marie) Kloppers (52) (Rustenburg Jac van Belkum)
 - Dinsdag 13 Julie: Ds JHH (Jakkie) Jacobs (79) (emeritus)
 - Donderdag 15 Julie: Ds JW (Janine) Truter (30) (beroepafwagting)
 - Vrydag 16 Julie: Di WPF (Piet) van Wyk (73) (emeritus), JAC (Jan) Rossouw (71) (emeritus) en JT (Jimmy) Manders (51) (Witfontein)



Ds Japie en Yvonne Coetzee

Gemeentes en bediening

- **Die Sinodale Dienssentrum is met ingang van 28 Junie volledig gesluit, voorlopig vir twee weke. Alle personelede werk van die huis af en kan op hul selfone of via 012 322 8885 bereik word.**
- **Oudl Johan Kruger**, sekretariële beampte, skriba en skriba vir registrasie van Gemeente Port Elizabeth, verhuis binnekort na Jeffreysbaai. Sy e-posadres, jpk6351@mweb.co.za, kan dus nie meer gebruik word vir korrespondensie met die gemeente nie. Die e-posadres nhkpe@absamail.co.za verval ook. Die gemeente se nuwe e-posadres is portelizabeth@nhk.co.za. (Ons vra verskoning vir die plasing van die verkeerde foto by hierdie berig in verlede week se *Blitspos*.)
- **Natasha Ayres** is 'n aflos-orrelis wat beskikbaar is vir begrafnisse en ander dienste. Sy begelei by agt verskillende NHKA-gemeentes in Pretoria, op 'n *ad hoc*-basis. Tot onlangs het sy tydens die eredienste by Gemeente Witfontein (di Jimmy Manders en Janine Bevolomanders) gehelp, maar weens die pandemie is hul dienste tans slegs aanlyn. Kontak haar by nats.ayres@gmail.com of 081 431 9897.



Oudl Johan Kruger

- Besoekers kan afspraak maak met **ds C Johann de Bruin** om ons Kerkmuseum, die **SP Engelbrecht-museum**, in Eloffsdal, Pretoria te besoek. Skakel of stuur 'n WhatsApp-boodskap na 082 733 3951. Die Museum word per afspraak oopgemaak; reël net 'n dag of twee vooraf. R25 per persoon.



Studeer Teologie in 2022

Matrikulante en enige ander belangstellendes wat graag predikante in die Hervormde Kerk wil word en in 2022 Teologie wil studeer, is welkom om nou aansoek te doen om as student van die Kerk te studeer.

Die evaluasiegesprekke sal in die laaste week van Julie 2021 plaasvind. Aansoeke moet die Kuratorium asseblief nie later nie as 23 Julie 2021 bereik.

Kry aansoekvorms by die voorsitter van die Kuratorium dr Rudy Denton (rudydenton@outlook.com) en mev Clarika Hattingh (clarikah@nhk.co.za).

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

- **Vakante werkrumte vir die samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevervoertuig.

Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan njssteenekamp@gmail.com. Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

Barmhartigheid

- **9de ADV-webinaar: Donderdag 22 Julie**
Nuwe benadering vir 'n nuwe tyd
Registreeer [hier](#)
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoning te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com

'n Gedig

in memoriam: ma didi

vandag, toe dit snikwarm word
met die murmeling van wind
in die bloekoms

tot hier waar ek
in my digomsoomde dinkbos sit
met wangbene natgereën
want helaas, weemoed ken geen genade nie
verlies maak seker dat jou keel ineentrek
en jou oë dit drink

vandag, ja
op 15 november
pas ná 'n volmaan kop wys
en vanoggend weer verdwyn het
toe, ja, tóé
het jy besluit om die deure oop te gooi
om die asemvlinders in jou gapende
mond vry te laat, die lig
se duisternis in te gaan

ek het jou gesoen
jou voorkop was klam en glad soos porselein
'n witter koue het oor jou vel kom dans
en jy was mooi en jy was stil
soos trooskapok

vir oulaas het ek jou lief gehad
herhaal ek jou naam, vra
dat die aarde jou met rus laat
en draai om

buite het 'n vlinder
op my skouer kom sit

Marlise Joubert
(Uit: *grondwater*, 2019)

Fondsinsamelings

- **Gholfdag ten bate van Kinderbeskerming.** Rata Maatskaplike Dienste nooi u om in te skryf en **24 Augustus** saam met ons te kom geniet by **Silver Lakes, Pretoria**. Ons nooi gemeentes om hul gholfentoesiaste aan te spoor om spanne vir die gemeente of hul besighede in te skryf. WhatsApp GHOLF na 064 437 5997 en ons sal die nodige inligting deurstuur. Annelle Flanagan kan ook gekontak word vir navrae, by info@rata.org.za.

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- tot 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911

Allegaartjie

“Dit lyk asof daar deesdae heelwat meer aandag gegee word aan die regte van diegene wat weier om ingeënt te word as aan die regte van diegene wat anders dink. *Los hulle*, hoor jy deesdae gereeld. *Dis hul reg om inentings te weier en hulle moet beskerm word as werkgewers hulle daarom wil afdank*. So eenvoudig is dit egter nie. As jy weier om ingeënt te word, kan jy straks 'n gevaar vir ander inhou. Sonder entstof bied jou liggaam herberg aan die koronavirus en gee dit hom die kans om dáár ongehinderd tot nog dodeliker variante te muteer... Daarom moet mense wat anders dink oor entstowwe teen Sars-CoV-2, ook regte hê. Dit sluit in die reg om te weier om onder meer 'n kantoor, klaskamer, winkel, restaurant, paviljoen, taxi, bus, trein of vliegtuig te deel met iemand wat weier om ingeënt te word. Dit is iets waarop mense wat pro-entstof is, al hoe meer sal moet begin aandrang. Regte kan nie net tot een kant van die entstof-debat beperk word nie.” (Gert van der Westhuizen, Netwerk24 se Stemme-redakteur, in *Beeld*, 5 Julie 2021)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (*Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.*) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir 'n wintersoggend

Skepper-God van alle seisoene,
ek het vanoggend wakker geword en dis 'n somber wintersdag.
Dit voel of die winter nooit gaan eindig nie.
Die koue van hierdie dae rus soos 'n swaar, nat kombers op my.

Vader, U het die son, die maan en die aarde op hulle plekke gesit.
U het die seisoene vasgestel, wat ons lewensklusse bepaal,
dood en opstanding.
U het alles gemaak vir u heerlikheid en vir ons om te geniet,
en U het gesê dit is “baie goed”.

Wanneer die winterreën kom, God, mag ek onthou
die reën is 'n seën, dit voed die aarde.
Wanneer dit bewolk is, mag ek u teenwoordigheid
in die wolke op die berg Sinai onthou
waar U vir Moses die gebooië vir u volk gegee het.
En wanneer dit sneeu, mag ek die profeet se woorde onthou:
“Selfs al is die vlek so rooi soos purper,
Ek kan julle wit maak soos wol.”

Hierdie weerstoestande is tekens van u volgehoue sorg,
nie net vir u goeie aarde nie, maar vir u mense – vir my –
op wie U u liefde so vrygewig uitgestort het.
Dankie.
Amen.

Ellen Banks Elwell
(Vertaal deur Gerda-Mari Zietsman)
(Uit: *Gebede vir elke geleentheid*, CUM 2019)